

PUBLIEKE DEELNAME PROSES

Omgewingsimpakbepaling (OIB) vir vrystellingsaansoek: Lus 7A, (tussen Lus 6 - Kanakies en Lus 7 - De Kop) op die Sishen – Saldanha Spoorlyn (Departement van Omgewingsake en Toerisme Verwysingsnommer: 12/12/20/874).

Ingevolge die regulasies van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA) word hiermee kennis gegee van die voorneme om die beoogte aktiwiteit hierin beskryf uit te voer en om vrystelling te vra vir sekere bepalinge van die regulasies:

Aktiwiteit:

Transnet is tans besig om die doeltreffendheid van die land se vervoerstelsels te verbeter. Deel van hierdie poging sluit die opgradering van die ertsuitvoerkapasiteit van die Sishen – Saldanha spoorlyn in, asook verbetering van die lyn se huidige doeltreffendheid. Die ligging van lusse 6, 7 en 8, waar op- en afwaartse treine mekaar kruis, veroorsaak al 'n geruime tyd probleme met die vloei van treinverkeer op die lyn. Daar word nou beplan om 'n nuwe lus, genummer 7A te bou, wat die vloei en skedulering van huidige en toekomstige treinverkeer sal verbeter.

Bestek:

Die spoorlyn strek vanaf Saldanha (0 km) in die suide tot by Sishen (861 km) in die noorde. Die nuwe beplande Lus 7A is gelee in die Noord-Kaap (316 – 324 km) met Loeriesfontein die naaste dorp. Die lus word geheel binne die bestaande spoorreserwe beplan.

Aansoeker:

TRANSNET Bpk, handeldrywend as SPOORNET.

Konsultant: SHE Cape Environmental (CC), Posbus 471, Paarden Eiland, 7420.

Faks: 021 – 553 1851. E-pos: info@shecape.co.za

Stuur asseblief voor of op **8 Januarie 2007** u naam, kontakligting en die aard van u belangstelling aan die konsultant, om te verseker dat u as 'n belangstellende of geaffekteerde party geregistreer word.

